Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk, *Hoe Dienen wij de Vrede?*, Boekencentrum, 's-Gravenhage, s.j.

Op die 3de Julie 1952 het daar 'n herderlike skrywe van die algemene sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk uitgegaan oor oorlog en vrede. Hierin word op bondige, grondige en tog duidelike wyse verskillende vrae en aspekte aan die orde gestel en behandel wat betrekking het op die bewapeningswedloop en vrees vir oorlog in die toenmalige wêreldsituasie. So word daar bv. gehandel oor „die eerste taak van die overheid", „Oos en Wes", „Volkerereg en internasionale regshandhawing", „oorlog", „bewapening", e.s.m. Die gesigspunt is egter nie polities en militêr nie, maar teologies, d.w.s. „hier word getrag om leiding en voorligting te skenk op grond van die Evangelie van Jesus Christus." Die eerste vraag in hierdie besorgdheid „over de toekomst van volkeren, hun bestaan, hun cultuurgoederen" is dan ook die teologiese vraag: „de vraag of Gods gerechtigheid die ons in Christus geopenbaard is, wel gehoorzaamd wordt; de vraag of het heil der zielen niet in groot gevaar verkeert."

Maar vanaf 1952 het die internasionale situasie nog verder versleg en is die spanninge vermeerder, veral deur die verdere ontwikkeling van kernkragwapens. Op 1 Junie 1954 het die hoofbestuur van die Vereniging „Kerk en Vrede" 'n brief in hierdie verband aan die algemene sinode

gerig. Hulle konstateer die feit dat selfs een duisendste van die tans aanwesige voorraad kernkragwapens *alle* lewe op aarde kan vernietig. Die aanvaarding van hierdie kernkragwapens berus op die feit dat die laaste woord hier gespreek word deur die berekening van nut, politieke opportunisme en angs vir die oorlogstoerusting van die „vyand".

Dit het tyd geword dat die *Kerk* nie net oor die *doel* van die verdediging (beskerming van die menslikheid, vryheid, orde, bestrawwing van misdaad) sal besin nie, maar ook oor die *middele* van oorlog. Teenoor die voorbereiding vir 'n totale oorlog en 'n politiek wat dit selfs met gebruikmaking van kernkragwapens aanvaar, moet die christelike Kerk in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, 'n radikale „nee" laat hoor. So sal die vrede die beste gedien word.

Hierdie saak is verwys na die kommissie vir Internasionale Sake van die Oekumeniese Raad van Kerke in Nederland wat 'n duidelike en saakkundige rapport oor hierdie aangeleentheid uitgebring het. Verskeie nuwe gesigspunte word hier aangeroer en versigtig oorweeg. Dieselfde geld van die brief van Dr. H. Berkhof e.a., d.d. 17 Maart 1955.

Vanuit hierdie agtergrond, met hierdie gegewens en gesigspunte voorhande, het die algemene sinode op haar vergadering van 2 Februarie 1956 die verklaring vasgestel: „*Hoe Dienen Wij de Vrede?*" Daar word in die kort inleiding aangedui dat dit alleen maar 'n *poging* van die Kerk is om sig omtrent die gestelde vrae hier-en-nou te oriënteer, en dat in hierdie vrae „veel nog open bleef" en om nadere besinning vra.

Al bogenoemde stukke is in hierdie werkie saam afgedruk en vorm 'n belangrike kerklike dokument oor hierdie ingewikkelde, brandende probleem. Dit sal hier in ons land ongeveer 3/- kos en kan gerus deur al ons predikante en studente gekoop word.

B. J. ENGELBRECHT.

*　　*